

Rapport

Soekers wat vind

2013-12-15

Hanlie Retief gesels met Laurika Rauch en Chris Torr.

Vroegaand. Voorportaal-gedruis in die Brooklyn-sentrum se Ster-Kinekor. Dis die première van Stuur groete aan Mannetjies Roux.

Celebs en fotografeer maai rond, hallo-hartjie groet Mannetjies Roux karoodroog, Anna-Mart glimlag sereen vir die kameras, Paul Eilers se regisseur-oë mis niks.

Dan, 'n rimpeling. Almal kyk. Laurika Rauch en haar man, Chris Torr, kom die roltrap op. Haar hand lig in 'n groet. Dan is sy op die vloer, dié volksdiva. En die mense vou haar toe, selfone lig vir foto's, een ou se iPhone glip uit sy vingers van pure opgewondenheid.

Jy hoor Laurika se diep stem. Sien Chris in sy toeknooptrui, die ekonoom wat die meeste van sy vrou se trefferlirieke en musiek geskryf het—én die draaiboek wat vanaand première.

Van agter sy wit baardjie staan Piet de Jager, die flik se vervaardiger, en betrag hierdie twee ou pêle van hom.

Sê: “My oom Sias was oortuig daar’s mense wat, hul nederigheid en swygsaamheid ten spyt, net nooit ongesiens kan verbygaan nie. Yl gesaaides met wie die Skepper net meer moeite gemaak het. Dis wat maak dat jy hul teenwoordigheid aanvoel voordat hulle selfs net 'n groet kan uitkry.”

Hierdie twee.

Sy, die klank. Hy, die woord.

Septembermaand, op toer deur Australië, het verloop Afrikaners vir Laurika kom vertel hulle't na haar musiek geluister toe hulle nog in Suid-Afrika gebly het. Nou luister hulle na die woorde, en hulle verlang en seën my pa en seën my ma en my oom op sy plaas in Afrika.

Die lied oor 'n legende het sêlf legende geword.

Dit het die Maleisiese skrywer Tan Twan Eng geïnspireer om Afrikaans te leer praat. Toe die struggle-sangeres Dorothy Masuka terugkeer ná haar ballingskap, het sy haar kinders gestuur om die vinielplaat te gaan koop en die woorde uit haar kop geleer. Eng het gedink dis ons volkslied. En op 'n manier is dit, het hy aan 'n dagblad gesê.

Die rolprentdrama het eergister in teaters begin draai. Dis 'n flik in die pas en grein van die Karoo, met woorde wat sing (“geheime is soos melk, as jy dit te lank los, raak dit suur”) en soms, juis, m'n woorde, soos Anna-Mart se “en ja?” wat 'n hele wêreld oopsê.

“Hoe ons Mannetjies en Charlotte ontmoet het, dís nou 'n ander storie,” vertel Laurika die volgende oggend oor 'n koffie.

En ja?

“Toe Chris destyds die lied geskryf het, het hy gevoel ons behoort eintlik eers Manneljies se goedkeuring te kry.”

So. Een oggend halfsewe bel Laurika ewe wildvreemd Noblesfontein toe. Manneljies was klaar op die lande, en daar sing sy toe maar vir Charlotte die liedjie oor die foon.

“Toe ek klaar is, is dit ’n ruk doodstil en ek skrik my boeglam, en toe begin sy huil en sê dis vir haar baie mooi.

“Daarna het ons nogal baie met Manneljies en Charlotte te doen gehad.”

Op 22 November was Laurika en Chris 29 jaar getroud. Hulle glimlag as die onthou kom oor ’n dag onder Simonsberg, oor ’n nerdy ekonomie-student en ’n smeulende dramastudent met ’n stem en ’n bokskitaar waarop sy presies vier drukke ken.

Laurika: “Dit was op een van Chris-hulle se legendariese studentepartytjies op Rosendalplaas.”

Chris: “...wat tot die volgende laatmiddag aangehou het. Sy’t Donovan se ‘Laléna’ begin sing...”

“When the sun goes to bed/That’s the time you raise your head,” sing sy die eerste reëls. En rêrig, selfs negeuur oor hotelkoffie op ’n raserige stoep is haar stem Blouberg-se-strand. Al in 1994 het Barry Ronge haar stem beskryf as een wat die melancholie van ’n hele Afrikaner-generasie eggo.

Haar ma vertel Laurika het gesing voor sy gepraat het. ’n Alt, uit die wieg al.

“Ek was ’n performing child, van Kaapse eisteddfod tot eisteddfod, in oom Hannes Uys se Kindersangkring.”

Skaars tien, toe is haar eerste solo opgeneem. “’n Asemrige ou stemmetjie, maar daar.”

So 700km verder oos, op ’n plaas naby Schoombee in Middelburg se wêreld, het Chris grootgeword. Engelsmanneljies, maar sy oor tóé al ingestel op Karoo-Afrikaans.

Dis dié klanke en beelde wat ons hoor in Laurika se liedjies – die “donker gang” was sy oom se plaashuisgang wat hy as kind bewerig afgestap het, die Karoo-wind waai steeds in “draai silwer speke draai”.

Die klipmesselaar in die fliëk, die man met die lang swart jas wat nie op ’n buurplaas wou werk nie, want “daar vat ’n man se hand nie lekker op ’n klip nie”, het op húl plaas gebly.

“My pa het altyd Teebus en Koffiebus, die twee koppe wat jy in die fliëk sien, dopgehou vir reën. As kind het jy altyd verlang na reën, want jou ouers is in ’n beter bui as dit reën.

“Maar dit reën nie baie nie,” kom dit kurkdroog.

Ai siestog, troos Laurika.

Diep, ryk cappuccino-lag wat Laurika het.

Chris, enigste seun en erfgenaam, het toe eerder met universiteitsgrade gaan boer, vyf van hulle.

Haar stem het die verhoë, die applouse, gehad. Soos Chris sê, “die hele show op die pad gehou”.

’n Jong sanger het onlangs vir haar gesê hy wil nie meer op die verhoog wees as hy so oud is soos sy nie.

“Dit het my nogal laat skrik. Ek het eers gedink dis onsensitief. Toe besef ek hy’t nie dieselfde gedreweheid nie. As ek moes ophou sing, ’n ander werk gekry het, sou ek óók my bes wou doen.”

Soos die liriek “my lippe wil nou sing”, só wil Laurika.

“Dis eintlik só, nè,” glimlag sy. “Miskien het dit te doen met die era waaruit ek kom, hierdie verskrriklike gedreweheid om te verfyn.”

As sy van die verhoog af stap, is daar altyd ’n effense onvergenoegdheid: Wat kon ek gedoen het om dit beter te maak?

“Dis swaar op ’n mens se liggaam soos jy ouer word, om aand ná aand op te tree, maar juis dít gee jou kans om jou kuns te slyp. Dis wat Chris ook doen met sy lirieke: Om die essensie te probeer vasvang op die eenvoudigste moontlike manier. Dís wat my dryf.”

Die deur tot haar loopbaan het oopgegaan met ’n stuk steak.

Sy was jonk en onbekend. ’n Onderwyseres met ’n dramagraad, kelnerin saans in Greenside se Mike’s Kitchen.

Katinka Heyns en Chris Barnard het daar kom eet. Hulle’t mekaar geken en heel toevallig het Laurika hulle dié aand bedien.

“Katinka het my later vertel sy en Chris het daar vir mekaar gesê: Laurika moenie beeshaas bedien nie, sy moet sng.”

Só het dit gekom dat Laurika die temalied van die TV-reeks Phoenix & Kie gesing het. Sy het van Koos Doep se “Kinders van die wind” ’n treffer gemaak. Dié lied is onlangs aangewys as die grootste Afrikaanse liedjie van alle tye.

Laurika was ’n oornag-sensasie.

Hoe val dinge soms reg.

Soos ’n ekon-oomie wat die sprong maak van syfers tot letters tot treffers.

“Laurika het my gevra,” gee hy ’n karoobossie-antwoord.

Laurika: “Dit was toe André Stander voortvlugtig was...”

Chris: “... ons het kitaar gespeel en toe sê jy: Jy kan skryf, skryf iets.”

Laurika: “Toe skryf hy ’n liedjie oor André Stander, met een wonderlike lyn toe hy geskiet is: ‘Didn’t we hope it wasn’t your feet sticking out from under an olive green sheet, didn’t we hope it wasn’t your style, to ride a bike round the Texas mile.’?”

Sy raak van vooraf opgewonde oor die “friggin’ amazing” woorde.

Chris: “Didn’t we long not only for rain, but that you’ll come back and rob us again!”

Ons lag, koppe oor die koppies koffie.

“Ek kan nie twee woorde ná mekaar sing nie. So ek skryf hulle maar, hoe sê die Bee Gees: ‘It’s only words, and words are all I have to take your heart away’.”

Hy vertel hoe’t sy ouma elke jaareinde die matriekuitslae in die Eastern Province Herald deurdringend bespied. “Dit was die hoogtepunt van haar Kersvakansie. Dan’t ons geweet wie in die familie is dom en wie gaan universiteit toe. Toe hulle eendag simpatiseer met ’n oom wie se kleinkind se punte nie so goed was nie, antwoord hy: Elke akkedis op sy klip.”

Die diva-ding, celeb-wees, die glans, was nog nooit Laurika se klip nie. Liewer musiek vir die agtergrond, sy.

“Ek was ’n skaam kind, ek’s nou nog skaam, maar ek moes dit oorkom uit die aard van my werk. In my tienerjare kon ek nie ’n kamer vol mense instap sonder om te wil weghardloop nie. My ma het my geleer: Fokus op die mense na wie toe jy loop. En dis wat ek steeds doen.

“Dis ’n feit dat introverte suksesvol is op die verhoog. Die verhoog was nooit vir my ’n probleem nie.”

Sy vertel hoe’t Billy Connolly eendag die Royal Albert Hall se verhoog opgestap, heen en weer geloop, op ’n stoel reg in die middel gaan sit en gesê: Alone again.

“Dis presies hoe ek voel op ’n verhoog. Dis waar ek wil wees.”

By hul huis in Pretoria sit Chris graag op die stoep, honde om sy voete, boek in die hand. “Die internet vertel my wat aangaan, soos of die Beatles nog lewe, maar die res is papier.”

Laurika? Sy luister musiek. “Nie in die huis nie, in my kar. Ek hou daarvan om te verdwaal en nuwe paaie te ontdek, en oor die karradio hoor ek die nuutste tendense, die klanke van die tyd.”

Voor Nuwejaar wag daar nog fynslyp aan haar nuwe CD wat in 2014 vrygestel word. Sy en Chris gaan ’n bietjie Kaap toe om hul seun, Simon, ’n IT-spesialis, en sy vrou, Lizelle, se eerste woonstel te gaan bekijk. Hul dogter, Nina, ’n kunstenaar in Pretoria, gaan saamkuier in die Kaap.

Ons groet, Chris moet vir Mannetjies Roux lughawe toe vat. Sy gee my ’n warm druk. En hulle stap weg, tussen hulle die ritme van ’n lang huwelik.

En ek onthou, gisteraand, terwyl die eindtitels rol met “Stuur groete” as laaste lied, die man agter my se voet ritmies aan’t tik teen my stoelleuning, op maat van die lied. Hy kon vir seker nie help nie.

Want hiérdie twee sê ons in klank en woord.